

God wreek Homself sodat ons net ons plig kan doen

Ds. PJ Kriel

Plaasmoord Louis en Ina Cloete

23.04.2022

Inhoud Hierdie preek spreek die waarheidsoomblik in ons land aan dat die regstoepassing en regspleging disfunksioneel geword het. Dit is die werklikheid van die grusaamheid van plaasmoorde. Dit wys dat 'n gelowige gemeenskap se opneem van hulle verantwoordelikheid binne 'n vervalte staat en anargie 'n plig en nie wraak is nie.

Skriflesing Ps. 9: 12, 13, 20,21, Ps. 10: 1 – 18; Rom. 1: 18, 28.

Teks Ps. 9: 21 “Vervul hulle met vrees Here, die nasies moet besef dat hulle mense is.”

Tema God wreek Homself sodat ons net ons plig kan doen

1. Ons wil vanoggend as gelowige gemeenskap stilstaan voor God en sy Woord in die magteloosheid waarin ons bevange is deur die grusame moord van Louis en Ina. Hierdie moord het die rou van elke moord, geweldsmisdaad en plaasaanval wat ons as gemeenskap in ons self rondraai weer oopgeruk en ons innerlik ontwrig.

Ons wil vanoggend met ons eie nood as gemeenskap voor die Here staan sodat ons met die begrafnis van Louis en Ina nie in ons eie smart bevange sal wees nie, maar hulle in hul rou en verlies kan bystaan in die week wat kom. Ons eie kollektiewe rou en smart as 'n gemeenskap is iets anders as hulle roumart. Ons wil nie hulle roumart gebruik vir ons eie rou nie, maar innerlik sterk wees om hulle werklik in die komende week, maande en jare van uitmergelende hofsake te kan by staan soos hulle dit nodig het.

Ek wil graag vir u uit die Woord van God wys wat God met goddelose mense doen.

Ons as gelowiges sukkel altyd met hierdie dele van die Bybel omdat ons dit altyd op onself van toepassing wil maak. 'n Pa koester sy kinders in liefde, beveilig, versorg en voed hulle, maar 'n krimineel wat in sy huis inbreek hanteer só liefdevolle pa altyd met geweld en brutaliteit. Kinders moet in hierdie tipe geweld van hul pa in hom veilig en geliefd voel. Hulle mag mos nooit in hul pa se woede en geweld teen 'n krimineel voel dat hulle pa hulle ook só sal behandel en Hom daarvoor vrees nie.

Daarom moet u vanoggend luister en hoor hoe God Homself op goddeloses wreek in hierdie wêreld. U mag op geen manier daarin voel dat God só met u as sy kind sal maak nie. Ons staan vanoggend binne die gewaande magsgreep van goddelose mense op ons en daarom moet ons vandag hoor wat doen God met goddeloses.

2. Ps. 9 vers 21 vorm die skarnier tussen Ps. 9 en 10: “Vervul hulle met vrees, Here, die nasies moet besef dat hulle mense is.” Hierdie gebed vat die magshouding van die goddelose nasies en die goddelose kriminele saam: hulle voel hulle is God leef so en behandel ander mense asof hulle God in hulle lewe is. Daarom bid Dawid dat God so God sal wees dat goddeloses weer die besef sal kry dat hulle net gewone mense is en nie goddelik is nie.

Dawid bid God om Homself met krag teenoor goddeloses te laat geld. Goddeloses kan nooit God eer vir sy liefde en goedheid nie. Goddeloses kan God net vrees vir

God wreek Homself sodat ons net ons plig kan doen

die skade wat God hulle aandoen. Daarom bid hy dat God die mag van die goddelose sal breek (10:15) en dat God die bloedvergieting van goddeloses sal vergeld. (9: 13) Hierdie kragdadigheid van God se vergelding word in Ps. 9 beskryf as God wat goddeloses vernietig (9: 6), van hulle as mense puinhoop maak (9:7), hulle stede ontwortel (9: 7) en hulle herinnering laat verdwyn (9:7)

Dit is die enigste wyse waarop goddeloses weer hulself as mense sien – in die vrees van God wat hulle breek en hulle laat boet vir hul boosheid.

Omdat ons as gelowiges God vir sy liefde, genade en goedheid ken, mag ons nie in die sieklike beeld van goddeloses van God as 'n magtelose God verstriek raak nie. Hulle beeld van 'n magtelose God is dat God eenkant staan en wag en pleit dat hulle Hom sal toelaat dat Hy hulle 'n bietjie mag lief hê want Hy het só groot behoefte aan liefde dat Hy die hele tyd alles wie en wat hulle is oorsien, sodat hulle net ken besef hoe lief Hy hulle het.

Dit is die sieklike godsbeeld waarin mense glo dat jy die geweld van goddeloses moet aanvaar as 'n manier om hulle na 'n liefdevolle God te bekeer. Daarom moet ons binne hulle sieklike godsbeeld bid vir die bekering van hulle wat in hul goddeloosheid ons die simbole van hul goddeloosheid wil maak.

Dit is só sieklik soos om van 'n pa te verwag dat hy nie 'n inbreker met geweld moet teengaan nie, maar eenkant moet gaan staan en bid vir sy siel terwyl hy sy kinders aan sy hierdie krimineel se geweld oorgee.

3. Dit is 'n misgissing met die berekende goddeloosheid van goddeloses!

Ps. 9 en 10 beskryf die bedoelde en berekende goddeloosheid van geweldenare! In hul goddeloosheid vind hulle die krag vir hulle brute en berekende geweld!

Daar is 'n direkte verband tussen die goddeloosheid van nasies en kriminele! Ps. 9 en 10 wys hierdie direkte verband. Ps. 9 beskryf hoe nasies goddeloosheid hul krag maak. Hulle maak die hele gemeenskap en die hele nasie as instelling die ruimte van hul goddeloosheid. Dit gaan oor regerings. Regerings wat God met hulle eiemagtigheid uit gemeenskappe verdring en gemeenskappe godloos maak sodat hulle sonder enige inmenging van God 'n gemeenskap, volk en nasie kan roof en plunder na hartelus.

Ps. 10 wys hoe sulke godlose regerings kriminele bemagtig!

In gemeenskappe waar goddelose regerings, maghebbers en amptenare God uit die gemeenskap verdring het, is kriminele bemagtig om hul geweld as hul krag te kan vier.

Daarom kan hulle in 'n godlose gemeenskap hul roof en plunder as 'n openbare besigheid bedryf! Ps. 10 verse 2 – 4 beskryf hoe hulle die openbare dienste en instellings kriminaliseer. Hulle maak van openbare dienste en instellings, kragte wat die gemeenskap roof en plunder. Die sameswering en agtervolging van magteloses beteken dat hulle met openbare regerings instellings die gemeenskap beroof en vervolg as hulle hulself nie aan hierdie roof en plundering oorgee nie.

God wreek Homself sodat ons net ons plig kan doen

Dit is wat met ons in ons land op die oomblik gebeur! Die regering en amptenare maak regeringsinstellings en openbare dienste die middele waardeur hulle ons as gemeenskap roof en plunder: Evkom, munisipaliteite, hospitale, padwerke, noodleniging, openbare vervoer en die SAL is die middele waardeur ons geroof word en die amptenare is die rowers. Hierdie rowers spog elke dag met hul karre, hul huise en hul swierige spandabelrigheid ons voor ons oë soos Dawid dit verwoord: “Ja, ’n goddelose spog oor sy hartsbegeertes, en terwyl hy wins maak, vervloek en verag hy God.”

Dit gebeur voor ons oë! Hulle jaag met hul Mercedeses, BMW’s, Bently’s en Hummers voor ons op die pad tussen Louis Trichardt en Venda verby, druk ons van die pad af en vier hulle roofwins met Blue Label en uitspattige huise. Hulle het die regering en openbare instellings hul roofmiddels gemaak.

Daar is ’n erkende woord hiervoor: ’n kleptokrasie – en dit word internasionaal al vir ons regering gebruik. Die regering is die diewe en wat diensmiddele moet wees is die middele waardeur hulle ons roof en plunder.

4. En hulle kan nie aanspreeklik gehou word nie!

Dit verwoord Dawid met die woorde: “Die goddelose sê met sy neus in die lug: “God vra nie rekenskap nie; daar is geen God nie; dit is al sy gedagtes.” (10: 4)

Hierdie is die houding van die heersersklas. Hulle is in ons taal in beheer van die polisie, die weermag en die howe. Hulle maak die polisie, die weermag en howe politieke aanstellings wat hulle roof en plunder beskerm. Omdat hulle hierdie instellings in hul mag het, glo hulle God kan nie van hulle oor hulle roof en plunder enige rekenskap eis nie. Hulle is hulle eie regters.

Wat doen hulle met enige poging om hulle regs aanspreeklik te hou?

Dit is mos die les wat ons as gemeenskap verlede jaar moes leer! Wat het die goddelose heersersklas gedoen toe dit duidelik word hulle kan vir hul roof en plunder van die land aanspreeklik gehou word? Toe brand, breek, plunder en beroof hulle Natal en Gauteng! Terwyl die polisie en weermag die rowery vrye teuels gee en self saam steel en roof. Iets waarvoor hulle ook nie aanspreeklik gehou is nie.

Daarom glo hulle in die welvaart van hulle roof- en plunder. Meer as dit! Hulle glo dat hulle nooit gekeer kan word nie en dat hulle van geslag tot geslag met hulle misdrywe ongestoord en ongehinderd sal voortgaan. (10: 5,6)

5. Verse 7 – 11 is daar ’n verskuiwing van die roof en plunder van die heersers na die roof en plunder van gewone misdadigers wat nie regeerders of amptenare is nie.

In verse 8 – 11 kry u die magslus en bloeddorstigheid van dit wat ons vandag in ons eie omstandighede probeer verwoord as “hierdie is meer as net gewone roof. Hierdie roof en moord is iets anders.”

God wreek Homself sodat ons net ons plig kan doen

Wat gebeur met sogenaamde “gewone misdaad”, “gewone roof en moord”, wanneer die regering die diene is en die veiligheids- dienste hulle roof en plunder?

Dink u die sogenaamde gewone diene en moordenaars weet nie waarmee die regering en amptenare besig is nie?

Hulle weet dat die regering roof en plunder en het die regs- en veiligheidsdienste, die magte gemaak wat hulle van enige aanspreeklikheid vir hulle misdadigheid vrywaar. As jy in jou gemoed seker is die regering steel net soos jy en hulle gebruik almal wat misdaad moet beveg, bekamp en inperk om misdaad te laat seëvier, dan is en voel hulle hulself bemagtig deur die heersers van die land!

Die kriminele in die parlement en munisipaliteite maak gewone misdadigers nou die leus in die gemeenskap. Dit is mos net hoe dit werk! Wat doen kinders wanneer hulle pas en mas diene is, alle gesag minag en uitvloek en skel? Hulle doen wat hulle ouers doen. Hulle is kinders wat deur hul ouers se boosheid bemagtig is om nie meer kinders nie maar kamstig leus te wees.

En dit is wat sogenaamde “gewone misdadigers” met hulle brutaliteit vier: mense wie se owerheid misdaad en misdadigers verteenwoordig! Een sin verwoord dit kort en kragtig: “Verpletter krimp die weerlose ineen; hy val in die mag van die goddelose!” (10: 10)

Dit is wat die bloeddorstigheid en brutaliteit in misdadigers opwek en aanvuur wanneer hulle nou misdaad pleeg: hulle maak ons weerloosheid die skouspel van die mag van ’n goddelose gemeenskap wie se leiers, regeringsleiers, polisie-leiers en regsleiers misdadigers is.

Wat maak ons die hulpeloses en weerloses?

Ons gehoorsaamheid aan God en die land se wet! Want dit is gehoorsaamheid aan ’n God wat nie bestaan en niks doen as sy wet geminag word nie en dit is gehoorsaamheid aan ’n land waarvan die regeerders die kriminele is. Maar ons is en bly gebind aan gehoorsaamheid aan die wet. Die wet van ’n kleptokrasie. Die misdadige regering maak dat gewone misdadigers – nou die leus in die gemeenskap is. Misdadigers word gevrees met die vrees wat mense vir die polisie, weermag en howe moes gehad het en nie meer het nie.

Dit is mos die vrees waarmee ons teenoor hierdie leus moet leef! Wat gaan hulle weer met ons doen wanneer hulle regs aanspreeklik gehou word? Dit het Ina Cloete voor haar dood self verwoord met die angstigheid dat hulle dalk aangeval en gemoor gaan word as die misdadiger wat hulle wapens gesteel het nou op parool gaan kom.

6. In hierdie magteloosheid bid Dawid teenoor God: “Breek die arm van die goddelose, ja eis rekenskap van ’n bose mens oor sy goddeloosheid totdat u niks meer vind nie.” (10: 15) Dit is die gebed dat God die bloedvergieting van weerlose, hulpelose onskuldige mense sal vergeld (9: 13) deur goddeloses te vernietig! (9: 6)

Dink u God is hierdie afwesige God wat niks doen aan misdaad en misdadigers maar ons vasbind aan die eise van sy wet?

God wreek Homself sodat ons net ons plig kan doen

Die gebed dat God goddeloses moet vernietig is 'n beroep op God se geregtigheid, nie brutaliteit nie. Dit is 'n hoop in God dat sy geregtigheid goddeloses vernietig in hul goddeloosheid, soos dit Dawid dit verwoord op so wyse dat daar niks meer van goddeloosheid in 'n goddelose oorbly nie. (10: 15)

Paulus verwoord hierdie toorn van God in Romeine 1. God verniel goddeloses deur hulle aan hulle verdraaide opvattings oor te gee.

Hoe werk dit? Só God laat hulle goddeloosheid hul eie vangnet wees. 'n Vangnet waarin hulle vervreem word van hulle eie menslikheid deur hulle eie goddeloosheid!

So maak God hulle mense wat:

- Altyd op soek is na plesierigheid, maar nooit gelukkig kan wees nie.
- Altyd met ondernemings en planne besig is, maar nooit die doel van die lewe kan vind nie.
- Altyd sug na erkenning, maar deur hul eie kinders geminag word.
- Altyd hulself as beskermhere uitgee, maar wie se eie ouers hulle vrees.
- Altyd seksuele intimiteit opeis, maar nooit liefde in iemand kan vind nie.
- Altyd nog goed vat en toeëien, maar nooit maar nooit iets kan eien nie.
- Altyd heerser oor die lewe speel, maar die slagoffer van hul vriende se haat is.
- Altyd aangewese is op aanvaarding, maar wie mense innerlik altyd verwerp.
- Altyd self as weldoeners voorhou, maar net die vermoë het om mense seer te maak.
- Altyd trotsheid vertoon, maar vir wie die hele gemeenskap hulle skaam.
- Altyd mense wat mag opeis, maar nooit ontsag inboesem nie.
- Altyd wat altyd oor alles wil beskik, maar nooit invloedryk sal wees nie.

So vergeld God mense wie dink, voel en glo hulle is God en God bestaan nie. Só hou God hulle reeds nou in hierdie wêreld aanspreeklik vir hulle boosheid. God maak hulle niksseggende mense, mense wat niks is en sal wees nie.

7. Dink u ons kan hulle wat ons met hulle geweld as weerloses wil uitstal só vergeld vir wat hulle aan ons doen?

En dit is hoekom gelowiges nie wraak neem nie. Want hulle ken die wraak waarmee God Hom op goddeloses wreek! God het nie ons wraak nodig om Homself op goddeloses te wreek nie. God breek goddeloses so dat hulle in vrees vir hoe God Homself op hulle wreek, weer voor die werklikheid staan – hulle is net mense voor hulle Skepper!

Die ongeloof van goddeloses dat daar is geen God wat rekenskap eis nie, mag nie ons waarheid word nie. Dit is die krag van hulle geweld! Hulle wil ons só mishandel, vermink, martel, krenk en skend, dat ons ook nes hulle moet glo, daar is geen God, God vra geen rekenskap van misdadigers, God vergeet en God sien niks raak nie,

Dit is die mag waarin Louis en Ina se moordenaars ons wil van vang – hulle eie goddelose lewe en gemoed moet ons waarheid word.

God wreek Homself sodat ons net ons plig kan doen

Kan hulle met hulle marteling, verminking en lykskending enige iets van wie God hulle as sy kinders laat wees het, vir ons en God verander het?

Kan hulle die liefde, diensbaarheid en welwillendheid wie hulle was enigsins verander? En ons respek, ontsag, waardering en aanvaarding vir hulle menswees ooit verander? Met al hulle geweld is hulle totaal magteloos om wie God Louis en Ina laat wees het aan te tas.

Maar God gaan hierdie moordenaars mense maak en laat wees wat totaal van hulle menswees vervreem sal wees en leef, sodat hulle ook met die wete vervul sal wees, dit is verskriklik om te val in die hande van die lewende God – vervul net met vrees vir Hom wie liefde is!

Soos Louis en Ina God ken as Liefde so ken ons God en berus ons in sy wraak waarmee Hy Homself as God vir hulle moord teenoor sy moordenaar en die hele kleptokrasie sal laat geld.

8. Beteken ons berusting in God se wraak gelatenheid oor hierdie bemagtigde gewelddadigheid van kriminele?

Dawid het in hierdie Psalm homself van wraak gedistansieer, maar hy was sy hele lewe besig met oorloë. Dit is juis die eenheid van Ps. 9 en 10. In Psalm 9 eer en dank Dawid God vir die wonderdade wat God deur die weermag van Dawid met die heidennasies gedoen het.

Dit het aan die oorloë wat hy geveg het, 'n besondere karakter gegee: dit was nooit persoonlike wraakveldtogte nie maar altyd 'n diens teenoor God. Dit was oorloë gewees wat nodig en noodsaaklik was vir die rus, veiligheid en diens van Israel teenoor God.

Daarom mag ons nie deur hierdie grusame moord met wraak vervul wees nie, maar moet ons die wraak in God se hande los, sodat ons die aanspreeklikheid vir hoe ons onself teen hierdie tipe moorde moet beskerm kan opneem teenoor God: moorde wat geïnspireer word deur die misdadigheid van die regering!

In hierdie gedeelte van die preek gee ek u nou 'n mening wat ek aan die Woord van God getoets het. Dit is net 'n verantwoorde mening volgens God se Woord. Dit is nou nie meer die Woord van God self nie.

Daarvoor wil ek graag vir u wat hierdie week met ons as gemeenskap op 'n ander vlak gebeur het, as voorbeeld voorhou! Die wyse waarop ons boere die verantwoordelikheid opgeneem het om te sorg dat ons elektriese kragtoevoer het!

9. Hiervoor vra ek u geduld met die voorbeeld!

U mag nie nou dit persoonlik vat of daarmee geaffronteer voel nie. Hoe het ons tot en met hierdie inisiatief om self ons eie kragtoevoer te herstel, gemaak? Só! Die krag sny af en dan vul ons op ons fone die regte voorgeskrewe vormpie in, stuur dit vir die munisipaliteit, hou aan terwyl hulle nie reageer nie tot ons uiteindelik

God wreek Homself sodat ons net ons plig kan doen

terugvoer kry – hulle stuur iemand! Om wat te kom doen? Om die trip switch weer aan te sit. En as hy dit aangesit het dan moet ons vir die munisipaliteit baie dankie sê!

En dan gebeur dit weer en dan doen ons alles eer presies so net weer dieselfde – vir 236 ure se kragloosheid per maand. En so sou dit aangehou het, en die onderbrekings net meer en meer geword het, terwyl ons oor en oor dieselfde prosedure volg.

Toe kom 'n paar boere, plaas soveel druk toe dat die munisipaliteit toegee dat onself die probleem kan uitsorteer. En toe gebeur dit hierdie week! Met ons eie masjinerie, trekkers, kappers, arbeid, geld vir diesel en eie toesig, begin ons die lyne skoonmaak.

Wat ontdek hierdie boere? Eintlik is daar toe nie meer 'n funksionele kragnetwerk gewees nie. Wanneer hulle die bosse wegkap, dan hang die verrotte pale aan die drade en die drade nie aan die pale nie. Wanneer bosse weggekap word lê die drade op die grond. Die bome wat die kortsluitings veroorsaak is al wat die drade nog opgehou het. Daar is selfopgerigte transformers wat nie geregistreer is, maar met deur die korrupsie in die munisipaliteit opgesit is vir roofgebruik.

Is hierdie boere nou met 'n wraakveldtog teen die munisipaliteit besig? Het hulle die reg in eie hande geneem? Nee! Hulle het die reg om die probleem op te los opgeneem omdat die munisipaliteit korrupt is. Hulle betaal vir die werk wat die boere gedoen het vir R 200,000.00, 25 miljoen rand vir kontrakteurs wat die werk nie behoorlik kan doen nie. Hulle doen die werk waarvoor die munisipaliteit eers 'n hele komplot van bevoorregting van onbevoegdes wil opstel wat nie meer kan gebeur nie want hulle het die belastinggeld geroof en geplunder.

Beteken ons wetsgehoorsaamheid dat ons net elke dag en nag moet wag dat die trip switch weer en weer en weer aangesit word, vir 'n kragnetwerk wat nie meer funksioneel is, nie of kan ons self die inisiatief neem om op eie onkoste, sonder enige van ons belastinggeld wat die munisipaliteit hiervoor invorder, reg te maak?

As ons dit nie self doen nie, gaan dit nie gebeur nie terwyl ons daarvoor belasting betaal! Hierdie disfunksionele munisipaliteit het dit ons plig gemaak om dit self reg te maak!

10. En die reg op veiligheid en straf van misdadigers?

Dink u enigsins dat daar nog 'n funksionele regstel is waarin reg en straf funksioneel geskied?

Ons wag elke dag vir die volgende moord. Dan gebeur dit en die hoë range jaag en vlieg hiernatoe, helikopters kom vlieg oor Levubu en polisie-voertuie jaag heen en weer. Hulle vang die moordenaars en dan sit ons vir 'n drie-vier jaar uitmergelende hofsaak. Wat is dit enigsins anders as die munisipaliteit wat jaag en die trip switch kom aansit? En dan wag ons weer vir die volgende moord en dan kom sit die polisie en howe gou weer die trip switch aan! Want daar is regtig nie meer funksionele reg nie. of 'n funksionele regstaat nie.

God wreek Homself sodat ons net ons plig kan doen

Dieselfde polisie wat nou hier rondjaag gaan weer die polisie wees wanneer die heersers-elite in vergadering bloeddorstig gedans en geil het om plase sonder vergoeding te vat, te steel en die regering die diene geword het dit wetlik kom steel, gaan beskerm. En dit alles gebeur terwyl die kern van die korrupsie, onbevoegdes word aangestel om diensmiddele as roofoorredingsmiddele te beheer, net verder uitgebrei word.

Ons het nie meer 'n funksionele regstaat nie!

Wat moet ons doen? Moet ons wag vir die polisie om na elke moord net gou weer die trip switch te kom aansit? Of moet ons maak wat die boere ons hierdie week gewys het – ons moet self die werk gaan doen om die kragtnetwerk weer funksioneel te maak?

Ons staan voor die plig om om met reg, regspleging en stad, self weer funksionele reg te laat geskied. Dit is waar ons nou is! Hoe moet ons dit doen? Sonder die ampte en magte wat diene beset! Sonder die kerk se teologiese fakulteite en vergaderinge wat net weer iets sal kom soek om ons te wys hoe om met hierdie kleptokrasie te versoen. Sonder die militêre en polisie leiding wat ons geken en gehad het.

Ons kan as gelowiges nie vigilante word soos Pahad of die nuwe georganiseerde misdaad hier in Tshakuma en Venda nie. Maar ons kan ook nie meer sit en wag dat die polisie en hulle net gou weer die trip switch kom aansit nie!

Ons moet hierdie plig as 'n gelowige gemeenskap opneem en saam begin besin, beplan, en antwoorde soek. Ons sal dit self moet doen! Nie as wraak nie! Nie met bloedschuld nie maar deur te doen wat 'n vervalte regstaat nie meer kan doen nie. Ook met moord en moordenaars En dit gebeur al klaar deur die stamkapteins hier om ons! Hulle voer die straf en reg uit deur misdadigers te straf terwyl die polisie net toekyk en niks doen nie.

Ons kan dit nie so doen nie. Maar ons staan voor 'n nuwe plig waarvoor ons nie kan terugdeins nie. God neem wraak en ons doen ons plig! Kom ons bid God vir sy leiding, bewaring en beskerming onder 'n kleptokrasie en binne die anargie van bemagtigde kriminele!